Die beste dinge in die lewe is verniet

Kliekrubriek - Drik Greeff

The moon belongs to everyone
The best things in life they're free
Stars belong to everyone
They cling there for you and for me
Flowers in spring
The robins that sing
The sunbeams that shine
They're yours and they're mine
Love can come to everyone
Best things in life
They're free

'n Mens kan nie help om saam met Sam Cooke te stem met hierdie liedjie van hom nie: Die beste dinge in die lewe is inderdaad verniet. Behalwe die goed waaroor hy liries raak, kan ek nog 'n paar byvoeg en een daarvan is ***Google*** (www.google.co.za). Myns insiens is dit een van die beste dinge wat die Internetwêreld ooit getref het.

Google is loshande die kragtigste soekenjin wat bestaan, want die tuisblad laai nie net blitsvinnig nie, maar in 'n breukdeel van 'n sekonde verskaf hy die skakels na die onderwerp wat jy ingevoer het. Jy kan selfs die tuisblad stel dat hy Afrikaans, Engels, seSotho, isiXhosa of isiZulu met jou praat. En indien die webblad wat oopmaak dalk in 'n taal is wat jy nie verstaan nie, het jy 'n keuse van 'n kitsvertaling in Engels (of ander taal). Maar hy doen nie net vertalings van webblaaie nie. Wanneer jy kliek op ***Language Tools***, kan jy gewone teksgedeeltes vanuit 42 tale doen!

Google se eposfasiliteit, ***Gmail***, is beslis ook die beste webgebaseerde epos wat beskikbaar is. Boonop is dit versoenbaar met ***Microsoft Outlook*** en ***Outlook Express***. Doen net die nodige verstellings by ***Settings***. Maar dis nog lank nie al wat mens met ***Gmail*** kan doen nie. Daar is ook 'n ***Chat***-fasiliteit waar mens die gesprek op die sleutelbord tik. Maar baie lekkerder is natuurlik die stem- en videogesprekfasiliteit soortgelyk soos die van ***Skype***.

As jy nog altyd jou eie webtuiste wou hê, maar nie die kennis het om dit self te doen nie óf die geld gehad het om iemand te huur om dit vir jou te doen nie, dan kan ***Google*** jou drome waar maak. Kliek op ***Google*** se ***Sites*** om 'n aantal voorbeelde te sien en spring aan die werk. Dis ideaal vir individue (bv. onderwysers), gesinne, klubs (sport en kuluur), verenigings, kerke, ens. Om hierdie webtuistes te skep vereis geen vooraf kennis van webontwerp nie en boonop is dit groot pret.

Picasa is nog een van ***Google*** se gratis produkte wat my baie plesier verskaf. Dit is 'n aanlyn foto-album waar jy jou foto's en videos kan oplaai en beskikbaar maak vir ander om te sien. Jy kan self besluit of almal daarna kan kyk of net jou vriende. Dis 'n baie gebruikersvriendelike program: die foto's laai vinnig op op die Internet, jy kan hulle resolusie verlaag om vinnig te kan oopmaak en jy kan byskrifte byvoeg sodat almal weet waaroor die foto's gaan. As jy jou foto's opgelaai het, stuur jy net die webadres aan almal wat dit nodig het. Dis veral baie nuttig as jy foto's aan ander wil beskikbaar stel, bv. foto's van skoolgebeure, familiebyeenkomste, vakansies, toere, ens. Kliek op www.picasaweb.com en deel jou foto's met ander.

As jy sommer net met 'n lekker boek wil ontspan, hoef jy nie boekrak toe te loop nie, maar kliek net weereens op ***Google*** en kies ***Books***. Hier is duisende boeke in elektroniese formaat beskikbaar, baie daarvan lankal uit druk uit en nie meer in die handel beskikbaar nie. Sommige boeke is volledig beskikbaar, maar van ander slegs sekere gedeeltes a.g.v. kopieregvereistes. Die volgende kategorieë boeke kan aanlyn gelees word: ***Literature, Science Fiction, Fantasy, Romance, Mystery, Fairy Tales, Short Stories, Poetry, Philosophy, Economics, Political Science, Linguistics, Mathematics, Physics, Chemistry*** en ***Biology***. Hierdie aanlyn biblioteek is nie net 'n heerlike bron van ontspanning vir ons alledaagse boekwurms nie, maar studente sal dit net so nuttig vind.

Wanneer jy nou jou ***Kalahari Bulletin*** klaar gelees het (nog een van die goeie dinge in die lewe wat verniet is), gryp jou muis en kom ***Google*** saam met miljoene ander mense regoor die wêreld.

Vorige bydraes is beskikbaar by http://kliekrubriek.250free.com.